

OPSTELWEDSTRYD AANGEBIED DEUR DIE HISTORIESE VERENIGING VAN OUDTSHOORN

Dr. Johan Olivier (Senior Dosent Onderwyserskollege Oudtshoorn)

Die Historiese Vereniging van Oudtshoorn het in die laaste aantal jaar baie tot die belangstelling in en uitbouing van Geskiedenis as skoolvak bygedra.

Die jaarlikse opstelwedstryd het hierin 'n belangrike rol gespeel.

AFHANDELINGSPROSEDURES:

1. Tydens die eerste vergadering van die Historiese Vereniging (eerste Maandag in Februarie) word die **algemene** onderwerpe vir elke standerd bekend gemaak, bv.

st. 5: **Die Hugenote.**

2. Elke onderwyser gee dan leiding aan sy leerlinge om minstens **twee A4-bladsye feite** oor die onderwerp te bekom.

Feite kan bv. in bronne **nageslaan** word; in **groepaktiwiteite** en **mondelinge lesse** uitgeruil word, en uiteindelik in **opstelle** of die **praktiese werkboek** vasgelê word.

Wanneer die leerlinge dan hul opstelle op die 2de Maandag van die derde kwartaal moet skryf, sal aan hulle **EEN A4-GROOTTE** bladsy verskaf word met die naam van die opstel reeds daarop gedruk.

Die titel sal gewoonlik beteken dat die leerlinge sy kennis oor die breë onderwerp moet **toepas op 'n meer beperkte**, bv.

st. 5: **Die Hugenote — Ons eer hul nagedagtenis.**

Die leerlinge moet dus sy feite reg uitkies, want sy prestasie word bepaal deur die aantal feite wat relevant is aan die opskrif.

Leerlinge **mag nie aantekeninge gebruik** tydens die finale skryf van die opstelle nie.

KOMPETISIE VIR DIE PRIMÊRE SKOLE GEDURENDE 1984:

Leerlinge moes navorsing doen oor die volgende breë algemene onderwerpe:

St. 2:

Dr N J van der Merwe — Stigter van die Voortrekkers.

St. 3:

R E Peary — Die eerste mens by die Noordpool.

St. 4:

Interessante gegewens uit die lewe van H M Stanley, die ontdekkingsreisiger.

St. 5:

Die leefwyse van die blanke veeboere aan die Kaap gedurende die 18de.

Op Maandag 6 Augustus het leerlinge op George en Oudtshoorn toe die volgende **onderwerpe** gekry waarvoor hul 'n opstel volgens die vasgestelde voorskrifte moes skryf.

St. 2:

Vertel hoe dit **gebeur** het dat N J van der Merwe die **Voortrekkerbeweging** in ons land **gestig** het.

St. 3:

Vertel van al die **probleme** en **gehare** wat Peary se tog na die Noordpool so **moeilik** gemaak het.

Die volgende opstelle het met die louere weggehoop:

St. 2:

Hoe dit gebeur het dat Dr. N J van der Merwe die Voortrekkerbeweging in ons land gestig het.

Marithea Smit

Laerskool Oudtshoorn-Noord.


Dr. N J van der Merwe was baie lief vir kinders. Hy wou hulle graag leer om gehoorsaam en gewillig te wees, en om goeie dade te doen.

Hy was ook baie lief vir mense, en wou graag 'n egte Suid-Afrikaanse vaderlandsliefde aankweek.

Engelse sowel as Afrikaners was welkom. Rassehaat, ook teenoor die Boy Scouts is uitgesluit.

Die naam van die Voortrekkers skiet wortel in die verlede. Dit staan vir godsdienssin, reinheid en stoere krag — net soos die ou Voortrekkers was.

Die Voortrekkers is in 1926 gestig.



Marithea Smit, Laerskool Oudtshoorn-Noord. Wenner van die St. 2-Opstelwedstryd.

St. 3:

Probleme en Gevare wat Peary se Tog na die Noordpool so moeilik gemaak het.

Sanelle Olivier

Laerskool Wesbank

OUDTSHOORN.

Tydens Peary se reis na die Noordpool was daar baie gevare waarvoor hulle moes oppas, naamlik sneeustorms en diep barste in die ys.

Hoe verder noord hulle gevaar het, hoe kouer het dit geword. Daar was ook groot ysberge wat hulle vasgekeer het. Soms moes hulle dit met dinamiet losskiet.

Uiteindelik het hulle stoomskip, die Roosevelt, vasgeys, en moes hulle hul voorrade aandra tot by Kaap Columbia, die mees noordelike punt van Groenland.

Hulle het ook baiekeer by dun ys gekom, en dan kon hul nie verder met die sleë nie. Hul moes dan net eenvoudig wag totdat nog sneeu val.

Die ys het ook dikwels gekraak en gebreek. Een van Peary se manne het amper op so 'n stuk ys weggedryf!

Een van Peary se manne het 'n ander keer in die yswater beland. Toe het Peary dié man se veryste voete teen sy eie bors vasgedruk.

Dit was 'n moeilike en vermoeiende reis, gelukkig het hul weer veilig terug gekeer na Amerika.



Sanelle Olivier, Laerskool Wesbank — Oudtshoorn. Wenner van die St. 3-Opstelwedstryd.

St. 4:

Interessante gebeurtenisse uit die lewe van H M Stanley.

Christo Bezuidenhout
Laerskool Oudtshoorn-Noord.

Stanley is op 10 Junie 1841 in Wallis gebore. Toe hy twee jaar oud was, is sy ouers oorlede. Sy familie wou nie vir hom sorg nie, en hy moes aan die lewe bly met 25c per week.

Na 'n geveg teen sy skoolmeester moes die 15-jarige Stanley vlug. Na 'n swerftog van 'n hele paar jaar het 'n sekere Henry Morton Stanley die werklose seun 'n werk gegee. Hierdie man het hom later aangeneem.

Toe Stanley twintig jaar oud was het hy ook gaan veg in die burgeroorlog. Toe het hy begin artikels skryf vir die nuusblaai. Hy word toe 'n bekwame joernalis. Verskeie koerante het hom toe gevra om na verskillende dele van die wêreld te reis om artikels te skryf.

Later het Gordon Bennet aan hom 'n telegram gestuur om hom in Parys te ontmoet. Bennet se opdrag was dat Stanley Livingstone in Afrika moes gaan soek. In Januarie 1871 stap Stanley in Zanzibar aan wal om sy moeilike tog te begin.

In November tref hy Livingstone in Ujiji aan. Hy was verheug en die twee het groot vriende geword.



Christo Bezuidenhout, Laerskool Oudtshoorn-Noord. Wenner van die St. 4-Opstelwedstryd.

Na Livingstone se dood het Stanley sy ontdekkingswerk voortgesit. Na 'n uitputtende tog bereik hy die Victoriameer en vind hy uit dat dit met een (nie 'n reeks) meer is. Daarna het hy ook die uitgang, die lengte en die oppervlakte van die Tanganjikameer vasgestel. In 1877 stel hy vas dat Livingstone se Lualabarivier nie die Nyl of Niger was nie, maar wel die Kongorivier.

Tydens sy laaste besoek aan Afrika in 1893 ontmoet hy ook vir Paul Kruger.

Stanley is op 10 Mei 1904 oorlede.

St. 5:

'n Dag in die Lewe van 'n Veeboer aan Die Kaap in die 13de Eeu.

Jóleze Swanepoel
Laerskool Wesbank
OUDTSHOORN.

Die veeboere het baie vroeg in die oggend opgestaan nadat hul die nag in die ossewa deurgebring het.

Die ossewa (kakebeenwa) het dus nie net as rytuig gedien nie, maar ook as woning.

Wanneer hul op 'n plek vertoef het, het die seuns die skape opgepas en die mans iets vir die pot gaan skiet. Die geweer en die Bybel was die veeboer se waardevolste besittings.

Die vroue het gewoonlik gesorg vir die maak van seep en kerse want daar was nie winkels nie. Wanneer 'n smous hul raakgeloop het, het hul seep, kerse, botter en gebreide velle verruil vir koffie, suiker en tabak.

Geld was skaars en die veeboer moes net met die allernodigste dinge klaarkom. Verder moes hul tevrede wees met dit wat die omgewing oplewer.

Gedurende die dag moes die moeders ook 'n tydjie inruim om, na die beste van haar vermoë, die kinders te onder- rig, aangesien daar nie 'n leermeester was nie. Verder moes hul botter maak en hoede van palmiet vleg.

Na die jagtog is die dier afgeslag, en is wildsvleis, vir aandete geniet. As die veeboer deur bye gestee is terwyl hy heuning uitgehaal het, moes sy vrou hom eers dokter. Die vroue het genoeg kennis en veldmedisyne (kruies) gehad om die meeste gevalle te dokter.

Die veeboer was baie gesteld op sy godsdien. Kinders is van kleins af geleer dat die Bybel hul lig in die duisternis is. Soggens en saans het die pa vir die gesin uit die Bybel voorgelees.



Jóleze Swanepoel, Laerskool Wesbank — Oudtshoorn. Wenner van die St. 5-Opstelwedstryd.